

WEN MET VERSE WAT VROEG KALF

ANDRIES GOUWS (agouwss@landbou.com)

Met 'n slim plan kalf die verse in dié Bonsmara-stoetery as hulle sowat twee jaar oud is en raak 93 % van hulle weer in die volgende dektyd beset omdat hul kalwers vroeg gespeen word. Die stelsel hou nog verskeie ander voordele in.

Die twee Arthurs de Villiers van Vrede is bekende name in die Bonsmara-stoetbeesbedryf. Nie net omdat hul diere gereeld oor die afgelope 14 jaar goeie pryse op veilings behaal nie, maar juis omdat hulle op die voorpunt beweeg met nuwe idees om dit waarmee baie ander sukkel, te maak werk.

Arthur sr. is, nadat hy uit Dwaalboom se bosveld die waagmoedige stap gedoen het om hom met sy Bonsmaras by Vrede te gaan vestig, vandag die rustende en raadgewende vennoot in die Arcadia-Bonsmarastoetery. En waar hy gelos het, het Arthur jr. met mening oorgevat en voortgebeur. Nadat hulle 15 jaar lank saam geboer het, het hulle die stoetery in 2001 verdeel tussen pa en seun. Op die nommers af van die oudste tot die jongste dier het hulle gedeel, nege vir junior en een vir senior.

Maar hulle is oor en weer nog net so betrokke met raad en daad soos altyd, dis net die fisieke bestuur en finansies wat elkeen nou in sy eie kraal bedryf. Arthur sr. sê die enigste manier waarop 'n beesboer kan geld maak, is om kalwers uit sy kudde te verkoop en hoe meer kalwers hy verkoop, hoe meer geld is daar te maak. Dit is waarskynlik dié wysheid wat Arthur jr. aangespoor het om 'n "ongelukkie" in 'n blink plan te omskep om meer kalwers te verkoop.

'n Somer- en winterdektyd word gebruik en in 1996 het hy op 'n dag gesien daar is 'n klompie verse in sy trop wat die teikengewig bereik het om by die bul te kom. Dit was winterkalwers wat toe sowat 18 maande oud was, tussen die somerverse wat toe net 14 tot 16 maande oud was. Hy sit toe 'n jong bul by die trop verse, menende dat die jong versies te jonk was om bul te vat, maar uiteindelik raak feitlik almal dragtig en kom daar 72 kalwers aan. Dit was die begin van twee nuwe stelsels - vaderskapbepalings met DNS en die dekking van verse wanneer hulle 14 tot 16 maande oud is.

Aanvanklik het hy allerhande planne beraam om sulke jong verse wat gekalf het, die volgende jaar weer dragtig te kry. Hy het veral op vyf bestuurspraktyke gekonsentreer:

Nadat die verse gekalf het, is hulle op die beste gebrande veld gesit wat pas begin groei het en waar die gras jonk, sag en voedsaam is.

Die verse het ekstra vitamienes en minerale gekry.

In elkeen se baarmoeder is 'n setpil gesit om enige infeksie op te klaar.

Hulle het gedurende die dektyd daaglik 2 kg van 'n produksielek gekry.

Hul kalwers is in die laaste maand van die dektyd snags met 'n verskuifbare kraaltjie afgehok.

Sowat 75 % van dié jong eerstekalkkoeie (24 maande oud) het in die volgende dektyd beset geraak het. Die res van hulle is ses maande later in die volgende dektyd weer by die bul gesit. Sonder dié planne kan die herbesettingsyfer van sulke jong eerstekalkkoeie op natuurlike weidings maklik so laag as 30 % tot 50 % wees. Maar dié stelsel vereis intensiewe bestuur en baie arbeid is nodig. Arthur jr. het op die internet gaan rondkrap waar hy gelees het van 'n stelsel waarvolgens die kalwers vroeg gespeen word. In 2004 het hy daarmee begin.

Hy laat dek die verse wat op 'n ouderdom van 14 tot 16 maande die teikengewig van

270 kg aan die begin van die somergroeiseisoen bereik het. Gemiddeld 80 % van dié verse raak dragtig. Wanneer dié verse kalf, word hul kalwers op 'n gemiddelde ouderdom van 60 dae gespeen deurdat hulle die eerste sowat vyf dae elke dag teen 17:00 afgehok word in kampies waar 'n standaard-kalfgroeimeel en ruvoer vryelik beskikbaar is.

Die volgende vyf dae word die kalwers elke dag teen 13:00 afgehok. Daarna word die koeie weggevat en is die kalwers aangewese op kalfgroeimeel totdat hulle sowat sewe maande (die normale speenouderdom) oud is. Hulle groei teen gemiddeld 800 g/dag en die voerdery kos ongeveer R755 per kalf vir die tydperk. Die jong koeie gaan dan op natuurlike weiding waar hulle net 'n fosfaatlek kry. Met dié stelsel raak 93 % van hulle in die volgende dektyd herbeset. Hy sê die strawwe winters in die gebied eis sy tol. Dit bring mee dat verse met normale praktyke die teikengewig van 270 kg op 14 tot 16 maande nie op natuurlike weiding alleen kan bereik nie.

Daarom het hy 30 ha raaigras (die kultivar Enhancer) onder 'n spilpuntbesproeiingstelsel gevestig waarop sy verskalwers (ook dié wat op twee maande oud gespeen is) loop vandat hulle sewe maande oud is. Wanneer die verse sowat 'n jaar oud is, word hulle onttrek en saad van die raaigras geoes. Hulle loop dus op die raaigras van 1 Mei tot 15 Oktober. Op dié manier bereik aansienlik meer verse die teikengewig. Dan aanvaar hy dat hierdie verse tydens dragtigheid op natuurlike weiding sal groei sodat hulle 340 kg tot 380 kg sal weeg wanneer hulle kalf.

Die strawwe toestande het hom ook laat besluit om die somerdekyd van sy kudde korter en later te maak. Dit was aanvanklik van 1 November tot 1 Februarie, maar is nou net 75 dae van 1 Desember tot 15 Februarie. Dit is gedoen omdat hy geen oesreste het nie en hy die koste van hooi maak wil beperk, wat hom hoofsaaklik met natuurlike weiding laat. Met die later dekyd kalf die koeie wanneer hulle in 'n goeie kondisie is en die veld goed is, wat verseker dat hy 'n goeie herbesetting van 90 % en meer kry. Volgens wetenskaplikes is 'n kort dekyd ook een van die beste maniere om vir vrugbaarheid te selekteer.

Met die stelsel boet 'n mens weliswaar speengewig in, maar omdat hy nie speenkalwers bemark nie en sy verskalwers 'n paar maande op die raaigras kan hou, pla dit hom nie. Hy kry op dié manier sy koeie goedkoper deur die winter en gouer herbeset sonder om kalwers in te boet. Die enigste nadeel van dié vroeëspeen-stelsel is dat die kalwers se groei nie 'n weerspieëling van die moeder se melkproduksie is nie. Die kalwers word wel geweeg as hulle op twee maande gespeen word en 'n aantekening word gemaak oor hul voorkoms, wat tog 'n aanduiding gee van die melkproduksie tot dan. Met die volgende kalf, wat aankom wanneer die koeie normaalweg vir die eerste keer sou kalf, word die probleem uitgeskakel deur dan akkurate speensyfers te hê. Hy verwag nie dat dit die duur van die koeie se produktiewe leeftyd sal beïnvloed as hulle jonk kalf nie, maar eerder dat die vroeë stimulering van dié diere se voortplantingstelsels kan bydra tot beter vrugbaarheid en melkproduksie.

Die twee faktore wat die grootste invloed op herbesetting het, is die gewig van die koei wanneer hulle kalf en daarna die toename in die gewig van die koei gedurende dragtigheid. Die koeie wat so jonk gekalf het, is sowat 20 kg tot 50 kg ligter wanneer hulle volwasse raak, wat hulle aansienlik meer ekonomies maak. Hy gebruik 'n meerbulparingstelsel en jaag tot tien jong bulle by die groot trop verse in. Later word DNS-toetse gedoen om die vaders van die kalwers te identifiseer. Dit is dus ook 'n keuringsproses vir sy bulle, want die dominante en dekbehendige bulle dek tot 80 % van die verse. Die bulle in hierdie meerbultroppe (hy laat dek al sy koeie en verse op dié manier) wat lui is om te dek, verwek die minste kalwers. Omdat die flukses die meeste koeie dek, hoop hy om seuns van bulle aan te bied wat bewese goeie libido (geslagsdrif), dekbehendigheid en semengehalte het, want dié eienskappe

het almal 'n genetiese basis.

Landbouweekblad, 26 Januarie 2007.

Algemene opmerkings oor die gebruik van Teelwaardes:

Maart 2003

Ons is baie bekommerd dat die onoordeelkundige gebruik van hoë teelwaardes kan lei tot groot laatryp tipe beeste - wat tot nadeel van ons hele ras sal wees. Die bevindinge wêreldwyd is dat onder ekstensiewe toestande, soortgelyk aan normale boerdery van die veld af soos in S.A., die medium- tot kleinraam diere elke keer die grootraam diere op produksie/ha te klop. Neem hierdie feit in ag in u teelbeleid en gebruik teelwaardes oordeelkundig. Onthou ons ras is by uitstek 'n moeder ras en dit beteken onder ons normale veld toestande 'n medium raam koei. Ons weet egter van telers wat met grootraam koeie uitstekend doen - maar hulle bestuur en veral hul omgewing (weiding) leen hulself vir sulke grootraam diere.

Ons koeie op Arcadia word werklik soos kommersiële koeie gehanteer. In die somer kry hulle net 'n mineraal-(fosfaat) lek. Ons het weliswaar hierdie jaar deur die hele somer ongeveer 10% ureum in die fosfaatlek insluit vir addisionele proteïene tydens die droogte. In die winter kry die droë koeie (wat somerkalwers gespeen het) 'n proteïen onderhoudslek wat ongeveer 30% minder kos as die normale "Koöperasie"- onderhoudslek. U kan ons gerus kontak vir hierdie lek formulاسie.

Ons Fase D bulletjies word baie "hard" groot. Hulle word na speen "weggegooi" op die veld met 'n speenkalflek waarmee ons probeer om hul speengewig van speen tot op 'n jaar te handhaaf. Ons moet erken dat ons dit nog nooit reggekry het dat hierdie bulle hul gewig kon handhaaf nie. Hulle verloor tussen 15 en 30 kg per kalf gedurende die winter periode. Ons jong bulle is een groep wat ons nie graag vir besoekers wys nie - hulle het hardepad tot die periode dat hulle voorberei word vir die veiling.

Volgens die meeste hedendaagse wetenskaplikes behoort ons bulle te verkoop van moeders wat onder kommersiële toestande produseer en volgens hierdie wetenskaplikes behoort ons ons bulle ook groot te maak onder ekstensiewe toestande - onder dieselfde toestande as wat hulle moeders produseer en ook waaronder die bulle se verse sal moet produseer. Hierdie jong bulle kompenseer gelukkig baie goed gedurende die somer wat hulle 13 tot 18 maande oud is en in 'n ekstensiewe fase D. Na hierdie ekstensiewe fase D word hulle in die daaropvolgende winter maar weer "weggegooi" en hardepad is hul voorland totdat ons hulle begin afrond vir ons veiling.

Omdat ons al die afgelope ses jaar soveel as moontlik verse probeer paar op 12 tot 14 maande moet ons die verse help om die winter na speen in gewig toe te neem - hiervoor gebruik ons groenvoer soos radyse of rog. Hierdie groep diere is die enigste groep waar ons nie die normale "kommersiële" praktyk volg nie. Hulle word ook mooi opgepas totdat hulle dragtig is met hulle tweede kalwers. In 'n vorige Arcadia Nuis het ons die aksies wat ons neem om hierdie verse na hulle eerste kalf weer in kalf te kry in detail bespreek - want hierin lê die sukses van die vroeg paar van verse. Kontak ons gerus as u oor hierdie praktyk wil gesels